# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Drie

**“WAAR IS DIE KONING VAN DIE JODE WAT GEBORE IS?” MATTEUS 2:2**

*Nederige leierskap breek mure af en bou met liefde op..*

Matteus 20:20-28 - Die Seun van die Mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien.

Ons wêreld het ‘n dringende behoefte aan goeie leierskap en mense is die heeltyd op soek na iemand wat hierdie begeerte sal vervul. Dit is slegs in Christus dat ons die voorbeeld sien van ‘n koning of leier na God se eie hart. Sy heerskappy gaan nie oor Homself en sy eiebelange nie en Hy maak ook glad nie van geweld gebruik nie. Hy is die een wat kom om te dien, nie om gedien te word nie, en sy volgelinge word daartoe geroep om dieselfde te doen. Hoe meer getrou Christene die dienaar-leierskap van Christus naboots, hoe meer sal ons die verdeeldheid in die wêreld en in die Kerk kan oorkom.

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.
Soos die sterrekykers deur ‘n ster gelei is,
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,
dié pad in nederigheid en met geduld
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid
en ons liefde vir mekaar
en help ons om saam te werk en getuies te wees
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,
van die vlugtelinge, van die swakkes
en almal wat deur die samelewing verwerp word
Hou ons oë op Jesus
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is.
Amen.

© Die Oratorium Uitgewery